

Geregistreer aan die H.P.K. as 'n Nuusblad.

*Die Republiek sal 'n Christelik-nasionale staat wees.*

# Die O.B.





*Die Republiek sal die Afrikanerdom se eiendom wees.*

EERSTE JAARGANG. WOENSDAG, 1 APRIL 1942. No. 21.

## Afrikaner Se Nuwe Staat Sal Sy Eie Wees

### Stelsel Sal van Ander Lande Verskil Omdat Gesindheid Anders is

**Die Afrikanerdom bevind hom vandag in 'n weergalose toestand van verwarring en verdeeldheid. Dit is te midde van geweldige vooroordele en botsende lewensopvattings dat ons volk geroepe is om oor te skakel van die een orde na die ander. Omdat ons die oue moet los en oorspring na die nuwe, heers daar in denkende kringe groot senuweeagtigheid oor wat die nuwe mag bring of nie bring nie.**

Dit is aan hierdie onsekerheid te wyte dat daar soveel verdeeldheid en vooroordeel bestaan. Aan die een kant is daar die liberalisties-georiënteerde groepe en enkelinge wat vrees dat die nuwe orde van Suid-Afrika te streng sal wees en nie genoeg ruimte vir persoonlike vryheid sal laat nie. Aan die ander kant is daar die streng Calvinistiese rigting wat vrees dat die nuwe bedeling beginsels en stelsels sal meebring wat sal bots met die gedagte van Goddelike soewereiniteit. Laasgenoemde se vernaamste besorgdheid skyn te wees dat in 'n oordrewe nasionalisme die volk in die plek van God gestel gaan word.

Daar bestaan egter geen rede waarom ons op hierdie belangrike tydstip van ons nasionale lewe behoort te twyfel nie. Ons behoort genoegsame vertroue te hê in die leiding van God, die eiendomlike aard van ons volk en die vaderlandsbodem waarop die Boerenasie met sy lewensbeskouing gegroei het — soos beliggaam in ons Ossewabrandwag-leuse — om die nuwe toekoms met vertroue te aanvaar.

Wat die vrees van die liberalistiesgesindes betref, daarmee het ons min simpatie. Met die besorgdheid van Calviniste het ons die volste meegevoel, want as Calvinistiese volk kan ons slegs bly wat ons is deur uit te lewe wat ons aanvaar. **Die Ossewabrandwag het** nie alleen die hoogste agting vir die Calvinisme nie, maar as volksbeweging is hy self Calvinisties in wese en strewe — soos uitdruklik blyk uit sy leuse en die beleidsverklarings wat van tyd tot tyd gepubliseer is.

Ons sien egter geen nodigheid om besorgd te wees nie. Daar is 'n wêreldomwenteling aan die gang waarvan die Ossewabrandwag die draer in Suid-Afrika is. Hierdie nuwe rigting of orde sal in Suid-Afrika kom, of ons dit wil weet of nie. Gelukkig is elke ware Afrikaner begerig om daardie nuwe orde hier te verwelkom **soos voortgebring uit ons eie volksaard.** Dit is geen **stelsel** wat ingevoer word nie, dit is **'n gees wat in elke volk ontwaak** teen die verrotte liberalistiese instellings, en omdat dit miskien eerste in Duitsland of Portugal of watter ander land ook al tot uiting gekom het, is dit nog geen rede om dit daarom as 'n uitheemse gees te beskou nie — net so min as wat ons die Hervorming, wat eers in Duitsland ontstaan het, as 'n Duitse gees kan bestempel.

#### SELFDE TWEE VYANDE

In elke land van die wêreld het daar onder die liberalistiese bedeling twee magte ontwikkel wat die volke van die wêreld verslaaf het: die **kapitalistiese geldmag** en die **liberalistiese internasionalisme.** Die eerste het die volk in elke land verarm en tot ekonomiese slawerny gedwing. Die tweede het die nasionale gevoel van elke volk misken en die organiese of familie-eenheid van elke volk versnipper. Teen hierdie twee magte het die volkere van die hele wêreld vandag in opstand gekom. Elke volk strewe nou daarna om die geldmag te breek en die volk se baasskap weer te herstel oor sy land se rykdomme, en hiermee hang saam dat hy ook die eenheid van die volk wil herstel, d.w.s. die baasskap van die volk wil herstel in sy eie vaderland en ook die vaderland aan die volk terug besorg waar dit geheel of gedeeltelik aan die volk ontneem was.

In werklikheid beteken dit dus dat die volke van die wêreld vandag daarna strewe om die reg en geregtigheid te herstel waar dit geskend was. **En hierdie reg en geregtigheid is volgens Calvinistiese opvatting 'n Goddelike reg en geregtigheid,** want ons glo op grond van die Heilige Skrif dat uitbuiting van ons mede-mens in stryd is met die Goddelike gebod. Vir ander volke mag dit miskien 'n menslike reg en geregtigheid wees. Ons glo verder ook dat nasies of volke 'n skepping van God is, en as sodanig geëerbiedig moet word. Vir ons as Calviniste is dit dus iets meer as selfbehoud wanneer ons teen hierdie vreemde magte in opstand kom, ons sien daarin ook 'n pligsvervulling teenoor God en 'n uitvoering van Sy gebod.

In 'n ander land, wat nie so 'n sterk godsdienstige agtergrond as ons volk het nie, sal presies dieselfde reaksie wees teen die vreemde magte van geld en internasionalisme, maar hulle sal dit daar doen terwille van die volk alleen, sonder om na te dink dat daar nog 'n hoër God gegewe plig ook is wat hulle uitvoer.

Dit is hier waar die verskil tussen die stelsels en optrede in die verskillende lande lê. Dit is nie die stelsels as sodanig wat van mekaar verskil of moet verskil nie, dit is die aard en gesindheid van die volke. **En dan spreek dit vanself dat ons volk wat Calvinisties-Christelik is, die omwenteling hier in 'n ander gees sal bewerkstellig as wat dit in ander lande gedoen word, en natuurlik sal die stelsel wat deur die gees geskep word, ooreenstem met daardie gees.**

In Duitsland word die nuwe orde genoem nasionaal-sosialisme. Dit beteken dat dit uitgaan van die erkenning van die bestaansreg van die Duitse volk en van die verskille tussen volke. **Dit erken die grense tussen volk en volk, en dit erken die reg van elke volk om as 'n organiese eenheid te werk en te lewe.** Dit doen die Calvinisme ook. Dit is egter ook sosialisties, wat beteken dat daar gesamentlike verantwoordelikheid vir die volksgenote aanvaar word. Elkeen is die hoeder van sy broer. Dit aanvaar die Calvinisme ook.

#### DAAR EN HIER

In Duitsland word hierdie gedagte toegepas uit 'n nasionale gevoel. Dit is uit liefde vir sy volk dat Hitler doen wat hy doen. Sy eerste oorweging is dat dit in die belang van die Duitse volk is. Waar in die nasionaal-sosialisme miskien te veel klem op die idee van ras en bloed gelê word sodat dit die indruk wek asof hulle die volk verafgod, kan dit toegeskryf word aan die **anderse lewensopvatting** van die Duitse volk.

By ons sal ons ook uit nasieliefde ons volk wil red uit die kloue van die vreemde magte — dieselfde magte wat die Duitse volk verslaaf het. **Maar as Calvinistiese volk sal ons daarin ook 'n deur God gegewe plig sien.** Ons sal dus nog meer daarin sien as die man in 'n ander land, hoewel ons miskien presies dieselfde ding in die praktyk mag doen. Waar die praktyk in die ander land volgens ons opvatting in stryd is met die gebod van God, sal ons noodwendig dit op 'n ander manier doen in ooreenstemming met ons Calvinistiese opvatting van reg en geregtigheid. **M.a.w. in Duitsland sal die nuwe gees op 'n Duitse wyse uitgelewe word en in Suid-Afrika op 'n Afrikaanse wyse.** By voorbeeld: In Duitsland sal die kind in sy skole geleer word van

(Vervolg op bls. 2.)



## *Afrikaner se Nuwe Staat sal Sy Eie Wees*

(Vervolg van bls. 1.)

die kragtige dade van die Duitse volk in die verlede. In ons skole sal die kind geleer word van die heldedade van ons eie voorouers, **maar omdat ons volksaard Calvinisties is, sal ons ook nadruk lê op die leiding van die Almagtige tot wie ons voorouers opgesien het, soos blyk by Bloedrivier in besonder.**


Dit sal in albei lande vaderlandsgeskiedenis wees, maar op verskillende maniere, of beter gestel, met 'n verskillende gesindheid vertel. En net so verkeerd as wat dit sou wees om geen vaderlandsgeskiedenis in ons skole te leer nie omdat Duitsland dit doen met die oog op verheerliking van die Duitse volk (indien wel), net so dwaas sou dit wees om alles wat in Duitsland gedoen word as iets uitheems vir Suid-Afrika te beskou.

So mag dit wees dat die Duitse toepassing van sosialisme — die broederskapgedagte — ook gedoen word bloot uit 'n volksoogpunt beskou. Omdat die ander man ook 'n Duitser is, bloed van sy bloed en vlees van sy vlees, daarom moet hy versorg en opgehef word.

By ons doen ons dit **ook** vanuit 'n nasionale oogpunt, maar as Calviniste sien ons nog **iets meer** daarin: **ons sien dit ook as 'n Christelike plig: „Jy moet jou naaste liefhê soos jouself."**

Ons optrede sal dus uit nasieliefde sowel as deur Godsdienstige oorwegings gelei word, waar dit in 'n ander land miskien net uit nasieliefde gedoen word. Maar in albei gevalle word die welvaart van die volk en van die volksgenoot beoog. In die ander land terwille van verbetering van die volk of die ras; in ons land terwille van die volk self maar in die hoogste instansie ook terwille van die eer van God.

In ons nuwe staat sal dit die taak van die Kerk en die skool wees om die regte gesindheid by ons volk te kweek deur die ou beginsels en tradisie van ons voorouers weer aan die jeug te leer, waar dit deur die liebralisme tot 'n groot mate verwater en selfs uitgewis is. **In ons nuwe staat sal ons volk die vryheid hê om homself te wees en sy lewensbeskouing uit te lewe.**

LUGKASTELE

Vir ware voldoening en tevredenheid het 'n mens nodig gesondheid en welvaart, sukses in sy strewe, 'n aangename tydverdryf of ontspanning, en 'n geruste gemoed — gerustheid dat daar nie net vir die hede gesorg is nie maar ook vir die TOEKOMS.
'n Geruste toekoms word gewaarborg deur
**'N SANLAM-POLIS.**

SANLAM
SUID-AFRIKAANSE NASIONALE LEWENS ASSURANSIE MPY., BPK.
TAKKE DWARSDEUR DIE UNIE
HOOFKANTOOR WAALSTRAAT 28, KAAPSTAD

11-3511-2

DIE TROTS VAN ELKE BOER

- Sy Eie Besigheid
- Bediening in Sy Eie Taal
- Deur Sy Eie Mense

Grys Sajet Broeke 29/6
Groen O.B. Halsdoeke 2/- elk
Withemde 8/6 „

ONS SUKSES IS U SUKSES

UNIEWINKELS
(KOOPERATIEF) BEPERK
GEREGISTREER ONDER WET NR. 26 VAN 1922.

TAKKE OP:
Kaapstad,
Johannesburg,
Benoni en Vereeniging

BELÊ U GELD
waar dit van
3½% tot 5%
rente kan verdien.
Raadpleeg dadelik u
EIE VOLKSBANK
SPOORBOND-KAS BEPERK
Posbus 8289. Johannesburg.
Takke oor die hele Unie.

ONS is dwarsdeur die Unie, sowel as buite sy grense, bekend vir goeie drukwerk teen konkurerende pryse.

BESTE is om ons te raadpleeg in verband met u benodighede. Prysnoterings word gratis verskaf. Enige soort drukwerk van visitekaarte tot geleerde Dissertasies word onderneem.

*HOU KOERS NA*
Pro Ecclesia-Drukkery,
Drukkers, Uitgewers en Boekbinders.
*Die Laan, Stellenbosch.*

VIR ENIG IETS SMAAKVOL EN DEFTIG IN
DAMES-ROKKE
besoek
Steyns
PAROW SE NUWE MODERNE SAAK.

*DIT IS BY ONS WAT ALLES GOEDKOPER IS*

Ons het 'n Afdeling wat Spesiaal aandag gee aan Posbestellings. Koop by ONS per Pos en Bespaar Geld.
Mans,- Dames- en Kinder-Uitrusters en Kruideniers.
SONOP (Koöp.) Bpk., Maitlandstr., BLOEMFONTEIN

MARKAGENTSKAP
Vroeë Môre Mark
KAAPSTAD

*Betaling geskied onmiddellik, weekliks, maandeliks of soos verlang.*
Beste Heersende Pryse.
*MINNAAR & VAN SCHOOR.*
Eienaar: Gustav Retief.
Telefoon 2-0212.

# Het u Saamgehelp...

## om hierdie resultaat te bereik?

**VOLKSKAS** verskaf nou reeds vir meer as 'n jaar handelsbankdienste aan die publiek. Die ideaal wat so lank deur baie Afrikaners gekoester is, het 'n uitvoerbare werklikheid geblyk. En dat daar inderdaad 'n behoefte vir 'n Suid-Afrikaanse handelsbank met 'n landswye takstelsel bestaan, het die afgelope jaar se resultate oor en oor bewys.

Op 1 Maart 1941 is 'n amptelike begin gemaak met die opening van lopende tjekrekeninge en op 1 Maart 1942 was reeds 9,093 Lopende Rekeninge by ons takkantore geopen.

DIE TOTALE BELEGGINGS het oor dieselfde periode van £650,000 tot £1,570,000 gestyg.

**VOLKSKAS** is nie 'n nuwe instelling nie; hy het sy merk reeds gemaak. Vir die afgelope ses jaar is elke jaar 'n dividend op sy aandele uitgekeer.

Meer as 5,000 Afrikaners het reeds vir £215,000 aandele uitgeneem.

'N VERDERE KAPITAALBEDRAG is benodig om ons eie Bank verder uit te bou en te versterk. Om die rede word U vriendelik uitgenooi om aandele in VOLKSKAS uit te neem.

## VOLKSKAS

**(Koöperatief) Beperk.**

(Opgerig kragtens die Ko-operatiewe Wet)

Die Volk se Bank.

Hoofkantoor:
**VOLKSKAS-gebou, Sentraalstraat, PRETORIA.**

**Takke te: Bellville, Benoni, Bloemfontein, Brakpan, Brits, Cradock, De Aar, Durban, Germiston, Johannesburg, Kaapstad, Klerksdorp, Krugersdorp, Lichtenburg, Malmesbury, Middelburg (K.P.), Oos-Londen, Oudtshoorn, Pietermaritzburg, Pietersburg, Port Elizabeth, Potchefstroom, Potgietersrust, Pretoria, Rustenburg en Vereeniging.**

Die Hoofbestuurder,
VOLKSKAS (Ko-op.) Beperk,
Posbus 578,
PRETORIA.

Meneer,

Geliewe my volle besonderhede te verskaf insake aandele.
Beleggings.

________________
(Naam).

________________

________________
(Adres).

DIE O.B., WOENSDAG, 1 APRIL 1942.

# Selfveroordelende Optrede

Die Ossewabrandwag het pogings aan die werk gesit om deur middel van die aandeelhouersvergadering van die Nasionale Pers, wat verlede Donderdag in Kaapstad gehou is, ten minste 'n beter gees in die broederstryd teweeg te bring, indien dit dan onmoontlik is om die stryd self te beëindig. Die O.B. se optrede word duidelik weerspieël in die slotparagraaf van sy omsendbrief aan alle aandeelhouers: ,,'n Besluit van die aandeelhouers om die venynige persstryd wat die volk verwoes, te staak, is al wat verlang word en sal weereens volkseenheid bewerkstellig."

Ten einde te verhoed dat hierdie netelige saak op partylyne behandel, en te verseker dat dit onbevooroordeeld deur die aandeelhouers benader sou word, het die O.B. besluit om geen voorstel deur 'n verteenwoordiger op die vergadering te laat indien nie, maar dat dit oorgelaat sou word aan 'n aandeelhouer om slegs 'n formele versoek aan die Direksie te rig. **So 'n versoek sou dan geen stemmery en gevolglik ook geen verdere verbittering bewerkstellig nie.**

Aan die einde van die vergadering is 'n formele mosie van vertroue in die direksie en van meegevoel met die Hoofbestuurder, wat ernstig siek was, voorgestel, en algemeen aangeneem. Afgesien van die feit dat geen ordentlike mens hom sal uitspreek teen 'n mosie wat ook die welstand van 'n hoofbestuurder raak nie, was daar van O.B.-kant ook geen gewilligheid om by wyse van 'n teenmosie bitterheid en vyandskap te veroorsaak nie.

Heel aan die enide kom dr. F. D. du Toit van Zyl en as aandeelhouer rig hy die volgende billike VERSOEK tot die Direksie:

,,Met die oog op die diepbegeerde herstel van Afrikanereenheid onder die volk en die nadelige gevolge van onderlinge twis en haat in ons volksgeledere in hierdie donker uur van ons volksbestaan, versoek hierdie vergadering van aandeelhouers van die Nasionale Pers die Direksie om deur middel van sy koerante sover dit in hul vermoë mag wees, die skepping van 'n gees van verdraagsaamheid en toenadering aan te moedig deur,

(a) by verskille oor volksbeleidsake of politieke aangeleenthede tussen die nasionaalvoelende groepe binne die republikeinsgesinde Afrikanerdom, persoonlike aantygings teen en verdagmaking van persone te vermy;

(b) hulle hoofsaaklik te bepaal by positiewe leiding gemik op die algemene volksuiting en,

(c) hul nuus- menings- en advertensiekolomme onbevooroordeeld oop te stel vir ander republikeinsgesinde volksorganisasies in sover sulke stukke in ooreenstemming is met die neergelgde beleid in (a) en (b) omskryf en sodoende die Pers as volkspers diensbaar tot 'n vrye ontwikkeling en ontplooiing van die volksgees, nasionale aspirasies en wil te stel, wat sal meewerk tot samesnoering in 'n gemeenskaplike volksfront teen die imperialistiese vyand en afweer van die rampe wat ons land en volk bedreig."

Die voorsitter het hierdie versoek reeds vir kennisname aanvaar, en die vergadering was reeds besig om in vrede uiteen te gaan. Toe skielik spring dr. D. F. Malan op en sleep die politiek by deur van die versoek te praat as 'n versoek wat ,,deur die opposisie gestel word, en hy eis 'n stemming. Hy noem dit 'n mosie van wantroue in die Direksie, en so doen ook Die Burger in sy hoofartikel die volgende dag. Met ander woorde, 'n versoek dat die Direksie **,,'n gees van verdraagsaamheid en toenadering" tussen die nasionaalvoelende groepe moet AANMOEDIG deur ,,aantygings teen en verdagmaking van persone te VERMY, hulle by positiewe leiding te bepaal en hul kolomme onbevooroordeeld vir ander republikeinsgesinde volksorganisasies oop te stel,"** is 'n mosie van wantroue in die Direksie!

Ons kan ons nie 'n sterker mosie van wantroue in die Direksie voorstel nie as juis hierdie optrede van dr. Malan en Die Burger. Laasgenoemde praat van die versoek as **,,'n aanklag teen en 'n veroordeling van die beleid SOOS TOT HIERTOE DEUR DIE PERS GEVOLG."** M.a.w. die beleid wat tot hiertoe deur die Pers gevolg is, was NIE ,,'n gees van verdraagsaamheid en toenadering" nie; dit was NIE om ,,aantygings teen en verdagmaking van persone te vermy" nie; hulle het hulle NIE bepaal by ,,positiewe leiding" nie en het NIE hul ,,kolomme onbevooroordeeld vir ander republikeinsgesinde volksorganisasies oopgestel" nie!

Dit is nie wat dr. Van Zyl in sy versoek beweer het nie — want hy praat nie van **,,staak"** nie, maar van **,,vermy" — dit is wat dr. Malan en Die Burger veronderstel wanneer hulle hierdie billike versoek vertolk as ,,'n veroordeling van die beleid soos tot hiertoe deur die Pers gevolg."**

Hierdie versoek, wat deur die voorsitter en die vergadering reeds aanvaar was, maar deur die leier van die Party in die vergadering teruggewerp is as 'n mosie waaroor gestem moes word, sal staan as 'n monument vir die Ossewabrandwag se strewe in belang van volkseenheid, verdraagsaamheid en toenadering.

# Oorwinning Vir Afrikanereenheid

Die rigting van versoening en verdraagsaamheid het 'n groot oorwinning op die jongste vergadering van aandeelhouers van die Nasionale Pers in Kaapstad behaal. Soos bekend het adv. F. C. Erasmus hom met die steun van dr. Malan laat benoem as kandidaat vir die Direksie. In 'n omsendbrief het hy op alle partygesinde aandeelhouers 'n beroep gedoen om in belang van die Party hul stemme op hom en mnr. Wynand Louw uit te bring. Dr. J. S. du Toit, 'n ou direksielid, moes dan ,,in belang van die Party" uitval.

Hierteen het die gemagtigdes in die Party en die Direksie in verset gekom, wat geen rede gesien het waarom 'n man soos dr. Du Toit terwille van politieke oorwegings uitgeskop moet word nie.

**Ondanks dr. Malan se openlike steun aan adv. Erasmus, het laasgenoemde slegs 98 stemme behaal teenoor 293 vir dr. Du Toit en 370 vir mnr. Louw.**

Hierdie uitslag van die verkiesing is 'n besliste nederlaag vir die ekstremistiese groep onder leiding van dr. Malan, wat reeds soveel tweedrag veroorsaak het deur hul roekelose uitskopbeleid.

As gevolg van hierdie uitspraak van die aandeelhoudersvergadering, is daar ook 'n baie beter gesindheid geskep tussen Afrikaners wat oor sake van beleid verskil, maar dit tog darem eens is oor ons groot vryheidsideaal.

# Genl. Kemp en die O.B. Op Roodepoort

## AGTHONDERD STAP UIT AS PROTES TEEN AANVALLE

Onder die hooflyne ,,Mislukte O.B.-poging om vergadering van H.N.P. te verongeluk" en ,,Gevolg deur bedanking van Kommandant" verskyn daar weer in Die Transvaler van 14 Maar l.l. 'n baie skewe voorstelling van feite; en wat blykbaar uit die oog verloor is deur die opsteller van so 'n verslag is dat meer as 1,000 mense wat die ware toedrag van sake geweet het, daardie verslag die volgende môre sou lees.

Die ware feite is dat die H.N.P. Vrydagaand 'n openbare vergadering in die Roodepoort-Stadsaal belê het waar genl. Kemp en mnr. Strydom as sprekers sou optree. Hoofgeneraal Louis Bootha is deur die voorsitter genooi om op die verhoog plaas te neem en onder oorverdowende en langdurige toejuiging het hy op die verhoog plaasgeneem. Daar die O.B. in die huidige partypolitieke stryd slegs belang stel in Afrikanereenheid, is daar deur hoofgeneraal Louis Bootha 'n oproep gerig aan O.B.-lede om die vergadering by te woon ten einde die twee

(Vervolg op volgende kolom.)

(Vervolg van vorige kolom.)

provinsiale leiers van die H.N.P. te hoor oor hierdie aspek van die vraagstuk aangesien hy teenoor verskeie persone verklaar het dat die behoefte van Afrikanereenheid so groot is dat hy alls in sy vermoë wil doen om dit te verkry. **As die provinsiale leiers van die H.N.P. bereid was om slegs te pleit vir Afrikanereenheid en nie mede-republikeine aan te val nie, was hoofgeneraal Bootha bereid om op elke verhoog saam met hulle op te tree en die pragtige Boeregees wat daar aan die begin van die vergadering geheers het, deurgaans te handhaaf.** Hy het ook die voorsitter sowel as mnr. Strydom genader met die versoek dat daar nie moet toegelaat word dat die O.B. aangeval word nie omdat die O.B.-lede na die vergadering gekom het om ons provinsiale partyleiers te hoor, en nie bereid is om te luister na aanvalle op mede-republikeine nie. Die voorsitter het nie kans gesien om dit te verhoed nie en mnr. Strydom het verklaar dat hy ,,vanaand die O.B. gaan stukkend sny."

Generaal Kemp het begin deur duidelik te maak dat dit sy plig is om baie reguit te praat en te waarsku teen gevare, want die jongmanne is vol vuur en geesdrif en hulle kan nie kwalik geneem word daarvoor nie, maar die persone wat daardie jongmanne moet lei en hulle aanspoor tot gevaarlike optrede, moet kwalik geneem word.

,,Daar is 'n ma en 'n dogter; sommige is verlief op die ma en ander op die dogter, en dis verkeerd van laasgenoemdes om die ma nie te eer nie," het spr. gesê, maar vergeet om by te voeg dat die ma nou probeer om moord te pleeg deur die dogter te wil doodmaak.

Generaal Kemp het na bostaande inleiding verklaar dat ons in Suid-Afrika slegs een vyand ken en dis die Britse Imperialisme (geweldige toejuiging) en dat ons alleen dit wil beveg, en vir Afrikanereenheid staan (geweldige toejuiging). Die geesdriftige toejuiging het egter gou afgekoel toe dit blyk dat spr. se aanval op ons ,,enigste vyand" slegs 'n klein deeltjie van sy toespraak was en hy oorgaan tot die gebruiklike aanvalle op mede-Afrikaners. 'n Geheel-en-al onverskillige stemming het geheers toe hy die Afrikanerparty behandel het en heelwat roering het ontstaan toe hy die Nuwe Orde aan die beurt kom, **maar toe hy die O.B. noem is die naam so toegejuig dat spr. vir 'n tyd nie 'n woord kon inkry nie.** Al gou het genl. Kemp meer aanvallend en beledigend opgetree met die gevolg dat hy nie meer toegejuig is nie, maar vergas is op talle afkeurende opmerkings. Hoofgeneraal Bootha en genl. Boshoff het hierop meegedeel dat die O.B. die saal verlaat as protes teen die aanvalle op mede-Afrikaners en Republikeine. Sowat 800 het die saal verlaat en hoofgeneraal Bootha het almal beveel om in hul motors te klim en huis-toe te ry, want anders kom daar moeilikheid en die O.B. soek nie daarna nie.

Toe die massa, wat iets meer as twee-derdes van die vergadering was (en nie een-derde soos Die Transvaler gerapporteer het nie), die saal verlaat, was die verwarde poppedans op die verhoog werklik iets ongeëwenaard in ons geskiedenis; dit was 'n geswaai met arms en selfs met die Vierkleur om te probeer die uitstappende menigte te oorreed om tog te bly.

Sekere S. F. Ungerer het glo daarna bedank as kommandant van die Ossewabrandwag, maar dit blyk dat hy op Hoofkwartier heeltemal onbekend is behalwe dat hy blykbaar een tyd gedien het as adjudant van 'n waarnemende kommandant en sedert Junie 1941 nie meer diens doen as offisier in die O.B. nie. Hy het beslis nog nooit as kommandant gedien nie en het reeds sedert Augustus 1941 aan verskeie offisiere verklaar dat hy bedank het as lid van die O.B.

**Alle politieke berigte en kommentaar geskryf deur N. G. S. van der Walt, Groote Kerkgebou 916, Kaapstad.**

# Gevangenes Se Dank aan Vroue Vir Voedsel

## Besielende Onderneming van Pretoria-Generaalskap

**Hoe Afrikaners wat om politieke redes of vir ondervraging in die gevangenis aangehou word, die kos op prys stel wat die vroue-generaalskap van die O.B., Pretoria, elke dag persoonlik aan hulle lewer, blyk uit 'n brief wat dié manne so onlangs uit die tronk aan die O.B.-kantoor alhier gerig het. Die brief lui:**

,,Geagte dames.—Dit is met die grootste mate van opregte waardering wat ons u dade van opofferende liefde ontvang. Die voedsel wat u vir ons stuur, is van die allerbeste in die wêreld, maar dit is daardie gees van offervaardigheid, wat ons siel voed, wat nog groter waarde dra as die liggaamlike voedsel en 'n riem onder die hart is wat ons help om die edel moeders en dogters van ons volk waardig te wees. Geen vernedering of straf sal vir ons te groot wees as ons weet dat die vrou van Suid-Afrika nog waaragtig ,vrou en moeder' is, wat afgesien van enige politieke gekyf, voortgaan op die pad van oneersugtige en stille arbeid.

,,Ons bring hulde aan haar en dank God dat Hy in hierdie tye van tweedrag die edelste van sy skepping inspireer tot diens van die Afrikanervolk.

,,Ons sluit met ons opregte dank, ,My God, my volk, my land Suid-Afrika.' Namens die aangeklaagdes."

Hierdie brief het gevolg op 'n oproep wat die vroue-generaalskap van die O.B., Pretoria, kort gelede gedoen het om voedsel, groente of geld vir die koop van sigarette, ens., vir Afrikaners wat tans in die gevangenis aangehou word. Die brief van dank het gekom ná die eerste week dat hulle hierdie diens gelewer het.

Verstaan word dat daar in die gevangenis sestien persone is wat enige soort voedsel mag ontvang en sowat negentig andere wat vrugte mag kry. Die vroue van die O.B. besorg elke middag aan hierdie sestien 'n eersteklas warm maaltyd waarby verskeidenheid van kos steeds in aanmerking geneem word, en so veel vrugte aan die ander negentig as wat hulle kan eet.

Sondae kry diegene wat dit mag ontvang, 'n groot verskeidenheid koue vleis en slaaie, terwyl hulle gedurende die res van die week warm kos ontvang. Die vroue lewer die voedsel self af en by die gevangenis kry hulle 'n tafel waar die kos opgedis kan word. Hiervandaan word dit deur bewaarders aangedra na die mense wat dit mag ontvang.

Hoewel die eerste oproep so 'n spontane antwoord van die vroue van Pretoria ontvang het dat daar elke dag nog genoeg voedsel oorbly om aan armes uit te deel, wil die O.B.-generaalskap daarop wys dat nog geld vir sigarette, groente, vleis, ens., nie oorbodig sal wees nie, aangesien ander behoeftiges daarmee gevoed kan word.

# Bewapening van Nie-Blankes Sal Nie Geduld Word

## Kommandant-Generaal Spreek Sterk Waarskuwing Uit

In verband met veldmaarskalk Smuts se verklaring in die Volksraad in verband met die bewapening van naturelle, het die Kommandant-generaal, dr. J. F. J. van Rensburg, die volgende verklaring uitgereik:

,,Die Regering het afgekondig dat hy die grootskaalse bewapening en opleiding van kleurlinge en naturelle voorberei.

,,Maar die Afrikaners is ontwapen, selfs van gewere wat hulle eiendom was.

,,Die grootste gevaar wat die blanke ras in suidelike Afrika kan bedreig, is nie 'n aanval van buite nie, maar wel 'n oormag van swart militêre in ons eie vaderland, tussen wie ons en ons kinders en kindskinders ook ná die oorlog moet leef. Geen ander geskilpunt sny so diep in die lewensbelange van blank Suid-Afrika nie.

,,Hierdie grootskaalse bewapening van nie-blankes is verraad teenoor die blanke ras en die Ossewabrandwag sal dit tot die einde toe beveg.

,,As hierdie volksgevaarlike optrede moet voortgaan, is die gevolge onberekenbaar. Die Ossewabrandwag het tot dusver die aktiwistiese elemente onder Afrikaners deur sy leiding binne ordelike perke gehou, maar hy kan nie waarborg dat Afrikaners hierdie gevaar goedsmoeds sal laat voortgroei nie.

Die Afrikanerdom sal protesteer met elke middel tot sy beskikking totdat hierdie misdadige roekeloosheid van die baan af is."

# Standpunt in Verband Met Tussenverkiesings

Die volgende verklaring oor die O.B. se houding teenoor H.N.P.-kandidate in die aanstaande tussenverkiesings is deur die Kommandant-generaal uitgereik:

,,Sommige onverstandige en ook sommige kwaadwillige persone probeer voorgee dat die Ossewabrandwag deur sy houding insake tussenverkiesings op Riversdal en Vryburg daarop uit is om die H.N.P. teen alle koste 'n nederlaag te besorg. Dit is absoluut onwaar.

,,Die houding van die O.B. is meermale en duidelik uiteengesit, nl. **dat hy steun sal gee aan enige Republikeinse kandidaat wat nie vyandiggesind is teenoor die O.B. nie.** As die H.N.P. op Ossewabrandwag-steun wil reken by die verkiesings, hoef hulle net 'n kandidaat te benoem wat tot dusver nie deelgeneem het aan die gifbrakery wat sommige beroepspolitici teenoor ons getoon het. Daar is geen gevaar dat die Party verswak word deur ordentlike kandidate te stel nie. Inteendeel, die nominasie lê uitsluitlik in die hande van die Party en ons wil aanneem dat daar genoeg goeie Nasionaliste in 'n kiesafdeling is wat die Party waardiglik kan verteenwoordig en wat tegelykertyd die Afrikaners wat in die O.B. is nog nie belaster en swartgesmeer het nie.

**,,Benoem 'n kandidaat wat veldm. Smuts wil beveg en nie die O.B. nie.** Of moet sy hoofkwalifikasie wees dat hy anti-O.B. is? Dan kan hulle die naaste waarheidsridder benoem.

,,Verwag die politici regtig dat hulle juis die kandidaat moet vat, desnoods uit 'n ander kiesafdeling, wat hulle mede-Afrikaner in die Ossewabrandwag dag-in, dag-uit geskop het en dat die mede-Afrikaners nou so 'n man se skoene moet kom lek?

,,As die partyleiers opsetlik 'n bitter vyand van die Ossewabrandwag gaan benoem, dan kan ons met reg aanneem dat hulle hoegenaamd nie die Party se belange dien nie, maar wel die kandidaat se belange. Dit is 'n boetie-boetie spel, nie Afrikaner-belange nie."


105 Takke 40,000 Lede **AVBOB** Reserwefonds £90,000
Hoofkantoor:
St. Johnstraat 65, BLOEMFONTEIN
BEGRAFNISSE, KISTE, KRANSE, GRAFSTENE



## Schoemannello-Drank

is

*DIE SUIWERSTE EN BESTE.*

BESTEL DIT ONMIDDELLIK VAN

**JURGENS SCHOEMAN**

POSBUS 142, OUDTSHOORN.

en

ONDERSTEUN 'N 100-PERSENT AFRIKAANSE FIRMA

| | PER BOTTEL. Wanneer u van 1 tot 5 bottels neem in gemengde kissie van 12 bottels. | PER BOTTEL. In bottels om van 6 tot 12 bottels van een soort te neem in kissie van 12 bottels. | PER GELLING. In 5-gelling vaatjies of meer |
|---|---|---|---|
| **WYNE:** | | | |
| Fonkelwyn .. | 5/- | 5/- | — |
| Lewenswyn .. | 3/6 | 3/6 | — |
| Vermouth .. | 2/6 | 2/6 | — |
| Hanekraai (Cocktail) .. | 3/6 | 3/- | — |
| Likeurwyn .. | 2/- | 1/8 | — |
| Jeropiko (Rooi) | 1/2 | 1/- | 5/6 |
| (Wit) | 1/2 | 1/- | 5/6 |
| Soet Muskadel .. | 1/- | 11d. | 5/- |
| Port .. .. | 1/1 | 11d. | 5/- |
| Worcester Hock | 1/- | 10d. | 4/6 |
| Pontak .. .. | 1/- | 10d. | 4/6 |
| Spesiale Sjerrie | 10d. | 9d. | 4/- |
| Sjerrie .. .. | 9d. | 8d. | 3/6 |
| **BRANDEWYNE:** | | | |
| Schoemannello .. | 5/9 | 5/- | 26/6 |
| Brandewyn Ekstra Spes.) | 5/6 | 4/9 | 25/- |
| F.C. .. .. | 5/- | 4/3 | 23/- |
| **JENEWER** .. | 6/- | 5/- | — |
| **LIKEURS:** | | | |
| Kersie-Brandewyn | 5/- | 4/3 | 23/- |
| Anys-Brandewyn | 5/- | 4/3 | 23/- |
| Gemmer-Brandewyn .. | 5/- | 4/3 | 23/- |
| Lemoen-Brandewyn .. | 5/- | 4/3 | 23/- |
| Peperment-Likeur | 5/- | 4/3 | 23/- |
| Van der Hum | 5/- | 4/3 | 23/- |
| **JENEWER-LIKEURS:** | | | |
| Lemoen-Jenewer | 6/- | 5/- | — |
| Suurlemoen-Jenewer | 6/- | 5/- | — |

Word verkoop in 12-bottel-kissies of 5-gellingvaatjies of groter. U kissie van 12 groot bottels kan enige getal Wyn, Brandewyn, Jenewer, Likeur, Vermouth en Hanekraai bevat. Voeg 4/- by vir kissie en bottels, en 10/- vir vaatjie (indien nie anders ooreengekom met bestuur) wat vergoed sal word by terugsending. Terme: K.M.B., plus treingeld na sylyne of K.B.A., plus treinkommissie. V.O.S., Oudtshoorn.

**SCHOEMANNELLO-DRANK**

**VIR KWALITEIT EN TEVREDENHEID DIE GOEDKOOPSTE**



## Natuurgenesing

**Afrikaners! Lees, Besluit, Oorwin!**

Die hoogste kroon wag op u in die Nuwe Wêreld Orde, indien u ons die kans wil gee om u Gesond en Perfek van Liggaamsbou te maak. Ons Korrespondensiekursusse in Gesondheid en Liggaamsbou is ongeëwenaard, baie goedkoop en doeltreffend. Ons geneesmetodes is onfeilbaar, geen geval te hopeloos. Deel ons u moeilikhede mee, ons kan u help, geen probleem te groot. Spesiale geneesmetodes vir enige kwaal insluitende Suikersiekte. Besonderhede gratis van:

**Die Instituut Vir Volksgesondheid**

Posbus 32, ALEXANDRIA, K.P.

DIE KOPERSBOND BEPERK

GROOTHANDELAARS

£250,000 . . . . . KAPITAAL

Aangesien die eerste £100,000 aan aandelekapitaal waarmee die Maatskappy oorspronklik gestig is, reeds volledig opgeneem is, het die Maatskappy besluit op 'n verdere uitgifte van 30,000 ,B'-aandele van £5 elk, waarmee die kapitaal nou op 'n kwart-miljoen pond te staan kom.

Aan die publiek word dus andermaal die geleentheid vir 'n gesonde en winsgewende geldbelegging aangebied. Aanduidings is reeds daar dat ook hierdie nuwe uitgifte binne enkele maande volledig opgeneem sal word.

DIE GEWELDIGE GROEI van die Kopersbond Beperk word bewys deur die volgende BELANGWEKKENDE FEITE:

BESIGHEID BEGIN SEPTEMBER 1940 . . . . KAPITAAL £8,000

JUNIE 1941: Verklaar diwidend van 12% op opbetaalde aandele. Ingeskrewe kapitaal staan op . . . £36,860

DESEMBER 1941: Verklaar tussentydse diwidend van 6% op afgelope halfjaar. Ingeskrewe Kapitaal £100,000

FEBRUARIE 1942 . . . . . . . . . Kapitaal verhoog na £250,000

Besighede wat by Die Kopersbond, Beperk koop: Desember 1940, 200; Junie 1941, 650; Desember 1941, 850.

Blanke werknemers in diens van Die Kopersbond, Beperk: Junie 1940, drie; Desember 1940, 15; Junie 1941, 40; Desember 1941, 46; Januarie 1942, 107.

Aandeelhouers van Die Kopersbond, Beperk: Junie 1940, 343; Desember 1940, 616; Junie 1941, 735; Desember 1941, 1,119.

BATES VAN DIE KOPERSBOND, BPK.: Junie 1940, £8,000; Desember 1940, £20,000; Junie 1941, £110,000; Desember 1941, £170,000.

DOEN ONMIDDELLIK AANSOEK VIR AANDELE. 25% betaalbaar by aansoek en 'n verdere 25% binne drie maande na toekenning. Die Direksie is nie tans van plan om die oorblywende 50% van die ingeskrewe kapitaal op te roep nie. BY VOL OPBETAALDE AANDELE word tans 'n rente van 6% betaal op die onopgeroepte gedeelte.

*Aansoeke aan:*

SEKRETARIS Posbus 8363 JOHANNESBURG

## „DIE STEM VAN JAKOB EN DIE HAND VAN ESAU"

Onder die opskrif „Die Stem van Jakob en die Hand van Esau," het dr. J. F. J. van Rensburg die volgende „verhaaltjie sonder woordelikse kommentaar" aan Die Vaderland meegedeel. (Let op die gedeeltes in swart.) Die eerste gedeelte is berig op 23 **Maart** en die tweede op 18 **Maart:**

Die Vaderland, Vrydag, 13 **Maart** 1942: Vergadering van adv. Eric Louw, L.V., en genl. J. C. G. Kemp, L.V., in die Brakpanse stadsaal: „Adv. Eric Louw het hierná weer sy aanval op die O.B., die Afrikanerparty en die Nuwe-Ordegroep voortgesit. **Hy het dr. Van Rensburg** en adv. Pirow daarvan **beskuldig dat hulle probeer het om verwarring te skep sodat hulle daaruit persoonlike voordeel kan haal.** Persoonlike ambisie het by hulle swaarder geweeg as die belange van die Afrikanerdom, het hy verklaar.

Adv. Eric Louw, L.V., het op 'n vergadering wat hy op Eppingtuindorp toegespreek het, die volgende boodskap van Johannes van der Walt voorgelees, soos vervat in Die Volksblad, Woensdag, 18 Maart. „Die beëdigde verklaring wat dr. Malan in die Volksraad voorgelees het, het ek uit eie beweging gemaak en ek **is deur niemand beïnvloed** soos beweer word. Ek is diep bekommerd oor die verdeling onder my mense en oor die **verwarring wat geskep word deur mense soos dr. Van Rensburg** en ander O.B.-leiers. Ek wil my volk ernstig waarsku om hulle nie te laat verlei deur persone wat **vir hul eie voordeel ons mense nou verdeel nie."**

## VRYHEIDSVIERING DEUR ERNS GEKENMERK

### Soldate Neem Ook Deel

Uit alle dele van die land het ons berigte ontvang van die feesvierings op Vryheidsdag. As gevolg van die beperking op papierverbruik kan ons ongelukkig nie plaasruimte vir die publikasie daarvan afstaan nie. Uit al die berigte straal duidelik deur die erns waarmee die Afrikanerdom daardie dag sy taak aanvaar het om die vryheid te herower. Dit was dan ook geen vreugdevolle feesviering nie, maar 'n pligsaanvaarding wat geïnspireer is deur die grootse oorwinning wat ons voorouers oor dieselfde vyand en tot 'n groot mate in dieselfde omstandighede sestig jaar gelede behaal het.

Van een berig moet egter melding gemaak word. Dit is van die viering op Fauresmith, O.V.S., waar o.a. ook verskeie soldate van die kamp op Jagersfontein teenwoordig was. Hoewel hulle nie saam in gelid aangetree het nie, het hulle hartlik saamgesing en goeie ondersteuning gegee aan die Jagersfonteinse kommando wat op die terrein verversings verkoop het.

Uit hierdie voorval blyk nogmaals dat die O.B. nie onderskeid kan maak tussen Afrikaners wat die uniform dra en gewone burgers nie. Ook in die soldate-geledere word van ons beste ondersteuners aangetref.

PORTERVILLE ROLLER MEULE

Eienaar: J. A. du Toit.

Vars en Suiwer Koringmeel Altyd op Hande.

Gemaal van die Beste Koring in die Westelike Provinsie.

Eerlike Behandeling Gewaarborg.

PORTERVILLE.

Foon 62 Posbus 53

HEILBRON

OM te weet dit is die plek waar u kan koop na u smaak en sover u beurs dit toelaat

BETEKEN oneindig veel vir u, waar u met vriendelikheid bedien word in u eie taal.

DIE MODERNEWINKEL

S. J. KRYNAUW

Algemene Handelaar en Produkte Koper.

Spesialis in Dames Tabberds en Manspakke

Mans en Dames Skoene

Kruideniersware teen die billikste pryse

Bestellings word opgeneem en onmiddellik by u huis afgelewer

H/v. NUWE- en GARCIASTRAAT, Foon 68 — Posbus 54

BEAUFORT-WES

DE KOCK se GARAGES

Voortrekkerstraat, MIDDELBURG, Tvl. | Herefordstraat, GROBLERSDAL, Tvl.

Eienaar: D. D. DE KOCK

Agente vir Pontiac en G.M. Vragmotors

Moet nie dat u motor vir u moedeloos maak nie — Laat ons dit vir u splinternuut maak.

V.M.K. AANBEVEEL.

G. A. FICHARDT, BPK.

MASJINERIE, YSTERWARE EN PRODUKTE HANDELAARS

Foon 700 BLOEMFONTEIN Opgerig 1848

# Die Oorlog

Gedurende die afgelope weke was dit nogmaals in die Verre Ooste waar die oorlog 'n verbluffende verloop geneem het. Java, met 'n bevolking van byna so groot as dié van Brittanje, en die oudste asook die rykste Nederlandse besitting in die Verre Ooste, is vandag, volgens Japanese berigte, nie meer in Hollandse hande nie. Die Japanse suksesse in Java sowel as op ander Nederlandse eilande skyn aan te dui dat die redding van die Oos-Indiese koloniale ryk op die oomblik nie waarskynlik lyk nie. Ook vir die verdere verloop van die oorlog in die Verre Ooste mag die Japanse besit van hierdie strategies-belangrike eilanderyk, met sy allerwaardevolste hulpbronne, van die grootste betekenis wees.

## RANGOON

Nie alleen Java nie maar ook die Engelse Rangoon, die uitgangspunt van die belangrike Birma-pad wat die Chinese Tsjoengking met die Anglo-Amerikaanse bondgenote verbind, het gedurende die afgelope weke in Japanse hande geval. Ook hierdie Japanse sukses kan vir die verdere verloop van die oorlog van die grootste betekenis wees. Reeds vandag sal dit moeilik ontken kan word dat Japan, wat intussen ook landings in Nu Guinee gemaak het, voor die poorte van Australië en Indië staan en dat die Opkomende Son reeds oor die rand van die Indiese Oseaan sigbaar is.

Elke denkende mens sal hom vandag seker afvra hoe dit moontlik is dat die Japanners binne drie maande hierdie verbasende verowerings kon maak. Was die anglo-Amerikaanse propaganda werklik so sleg ingelig toe hy die wêreld probeer oortuig het dat Japan binne enkele maande van oorlogvoering verpletter sou wees? Of was dit maar net bluf en grootpraterigheid wat herinner aan die bang seun wat gefluit het toe hy in die nag by die kerkhof verby moes stap?

## VIR 'N IDEE

In die Britse Hoër Huis het lord Winster onlangs die volgende verklaar: Hierdie oorlog het ons geleer dat mense vir 'n idee sal veg. Die Duitsers, Japanners en Russe veg soos beroepsmense (professionals); die Italiane en ons soos amateurs (Cape Times, 27/2/1942). Deur implikasie wil dit byna skyn asof hierdie lord van mening is dat die Engelse nie vir 'n idee veg nie maar die Duitsers, Japanners en Russe wel. Daar is seker min Britte wat hiermee akkoord sal gaan, want verneem ons dan nie daagliks uit gesaghebbende kringe dat die Engelse vir demokrasie, beskawing en christendom, vir vryheid, veiligheid en viktorie vir hulself en ander veg nie? Is hierdie dan nie ,,idees'' waarvoor elke Brit bereid sal wees om te veg en desnoods te sterf nie? Nee, die Engelse lord het hier waarlik die bal misgeslaan.

## AMATEURS?

Wat lord Winster se stelling in sake amateuristiese en professionalistiese oorlogsvoering betref, kan tog moeilik aangeneem word dat daar baie Britte is wat met hom akkoord sal gaan. Hoe kan Brittanje dan so dwaas wees om sy soldate wat amateurs is in die slag te stuur teen soldate wat deskundiges is? Ons verneem trouens ook byna daagliks van die Britse soldaat wat man teen man beter is as die vyand. Slegs nog enkele dae gelede het ons uit die mond van die bevelvoerende Australiese generaal Bennett verneem dat een Australiër mans genoeg is vir tien Japanners. Nee, lord Winster het ook hier die bal misgeslaan.

Maar waarom dan al die nederlae wat die Geallieerdes sedert September 1930 in die sak moes steek? As hierdie oorlog een ding bewys het dan is dit dat die militêre leiding, veral van die Geallieerdes, ondernemings aangedurf het waarvoor hy nie opgewasse was nie, ondernemings wat die stempel van dilettantisme dra. Hoe kan 'n mens die oorlogsverklaring van Frankryk met sy Maginot-verdediging anders bestempel as die huidige regterlike ondersoek te Riom herhaaldelik op die chaotiese toestand van die Franse militêre voorbereiding wys? Hoe kan die Maginot-line en Singapoer, waaraan soveel geld en tyd bestee is, anders as militêr ondeskundig, as wit olifante beskryf word? Dra die nederlaag van Pearl Harbour die kenmerk van Amerikaanse militêre deskundigheid? Rus die Nederlandse oorlogsverklaring teen Japan op deskundige kennis van Tokio se militêre potensialiteite en die Anglo-Amerikaanse hulpverlening aan Java? Of het die militêre ,,deskundiges'' van hierdie nasie die sware nederlae vooruit gesien in die ,,deskundige'' verwagting dat die uiteindelike oorwinning op hierdie nederlae sal volg?

Dit kan vandag sonder twyfel aangeneem word, dat baie van die nasies wat sedert September 1939 aan hierdie oorlog deelgeneem het, anders sou gehandel het as hulle militêr-deskundig beter ingelig was. Sou die Frankryk van September 1939 hom in die oorlog begeef het as hy kennis gedra het van die gebeurtenisse van 1940?

Oorwinning en nederlaag in oorlog word egter ook deur ander faktore as deskundigheid en amateurisme bepaal.

J.A.W.

13/3/1942.

**SASBANK**

Voorsien in 'n noodsaaklike behoefte....

LENINGS vir die gesalarieerde man verkrygbaar vir enige regmatige doel teen uiters billike terme.

LEEF OP 'N KONTANTBASIS EN BLY U EIE BAAS.

Duisende maak gebruik van SASBANK fasiliteite om hulle van die ekonomiese juk te bevry.

SASBANK

is 'n kind van die Volk en dien die Volk.

*Raadpleeg Sasbank.*

PAARL:

Pêrel-Boedelgebou,

Hoofstraat 327, Posbus 266.

KAAPSTAD:

Parlementstraat 32, Posbus 2387.

WORCESTER:

Leadergebou, Hoogstraat 4, Posbus 57.

**La Belle Alliance**

Privaat Hotel.

DIE AFRIKANER SE TUISTE

*alle moderne geriewe*

Billike Terme

Eienares: Mev. P. J. RETIEF,

Foon 2-3833

*Ons Ontmoet alle Treine.*

Kloofstraat, Kaapstad.

**EGTE BOKMIS**

van

BOSSIEVELD, KAROO.

Die mis is fyn gemaal teen 27/- per ton van twaalf sakke, op u Stasie gelewer.

KMB of KBA

Die mis is absoluut suiwer, van groot uitgesoekte mishope.

TEVREDENHEID GEWAARBORG.

Monsters op Aanvraag.

*B. J. ROODE,*

Posbus 15, KLIPPLAAT.

DAGBREEK vir die AFRIKANERS

STABILIS

Die Nuwe Suiwer Afrikaanse Maatskappy bied sy dienste aan in verband met

- *Koop en verkoop van al u eiendomme*
- *Geldbelegging — Besigheidsadvies*
- *Advertensies en Drukwerk*
- *Versekering (Lewens, Brand, Motor, Ongevalle, ens.)*

STABILIS-AGENTSKAPPE EN BELEGGINGS-MAATSKAPPY

Ons is Agente vir:

HELPMEKAAR KOLLEGE JOHANNESBURG.

Ook vir Bou-maatskappye en die vernaamste Assuransiemaatskappye!

Ons onderneem Afslaerswerk van Vaste Eiendomme en alle Losse Goedere, soos Huisraad, ens.!

Foon 30764—Kamer 901/2—Groote Kerkgebou, Adderleystraat, KAAPSTAD.

**DIE GOEIE HOOP**

(KOÖP.) HANDELSHUIS, BPK.

Voortrekkerweg, Bellville. Foon 97814.

VIR

Hoofweg, Durbanville. Foon 60.

VEEVOER (MIELIES-MIELIEMEEL-LUSERN).

Vra vir Kontrakvoorwaardes.

Mc Cormick Deering Landbouwerktuie.

*WORD INTEKENAAR OP ONS BLAD*

**£1000 vir u Oë**

Sekerlik nie — Gee hulle dan die geringe aandag wat hulle toekom.

**DUWAS**

*Die Antiseptiese en Helende Oogwas.*

'n Spesialiteit se Voorskrif vir moegheid, branderigheid, spanning, rooiheid, inflammasie, waterigheid en gevoeligheid van die oë vir skerp lig en stof.

Van alle Apteke, of direk van

**Die Voortrekker-Apteek**

Kerklaan, Adderleystraat, Kaapstad. (Posbus 2760.)

Maitlandstraat 37A, Bloemfontein. (Posbus 765.)

# Aan die Penkoppe

## Luiaards en Lafaards

In 'n vorige artikel het ons so 'n bietjie gekyk hoe die miere maak. Die Bybel sê mos ook die luiaard moet gaan kyk hoe die miere maak en dan verstandig word. So leer 'n mens ook uit die natuur wat reg is en wat nie reg is nie. Laat ons hierdie keer kyk wat die bye ons kan leer. Net soos die miere hou die bye ook nie van 'n deurmekaar boerdery nie. Hulle glo ook daaraan dat elke nasie baas moet wees in sy eie land. Al staan daar 'n hele paar korwe langs mekaar op die plaas, sal elke by altyd na sy eie korf terugkeer. Dit gebeur nooit dat die een korf se bye naderhand almal by 'n ander intrek nie. O nee, as hulle dit nog in hul kop sou kry, sal dit 'n vreeslike geveg afgee.

Maar dit is nie net ander bye wat nie in die een swerm bye se nes toegelaat word nie, maar ander goggas wat te lui is om te werk, mag ook nie by die nes ingaan nie. Ek het eenmaal gestaan en kyk hoe so 'n groot vlieg met 'n rooi kop skelmpies wou insluip in 'n bykorf. Hy het seker die heerlike heuning daarbinne geruik en wou toe gaan proe hoe dit smaak. Hy het so 'n paar maal gemik, en woerts, daar glip hy in. Ek het gewonder of die bye baie tevrede sal wees met hierdie ongevraagde kuiergas. Ek het nie lank gewag nie, toe sien ek hier kom 'n paar bye met hom uit — seker die polisie, het ek gedink. Een het hom aan die vlerk, die ander aan 'n poot en so dra hulle hom tot buite. Ek het my verbeel ek hoor hoe hulle hom toesnou: „Trap jou luiaard, ons het geen kos vir indringers nie!" So ewe skaam — want selfs 'n vlieg het skaamte — het die ou vlieg weggevlie, blykbaar baie bly dat hy met sy lewe daarvan afgekom het.

Op 'n ander dag het ek weer gesien hoe die bye 'n groot klomp waterdraers uitdra en doodsteek. Julle weet mos wat waterdraers is? Dit is die ou groot bruin bye wat net vir kwaadgeld in die korf rondloop. Hulle dra nie eers water nie, al sê hulle naam so. Hulle vreet net heuning wat die ander bye maak en verder lewe hulle soos Engelse Lords. Nou ja, vir hierdie soort volksgenoot het die bye geen tyd nie. Hulle leuse is net soos die Ossewabrandwag se leuse: Een vir almal en almal vir een. Die een wat nie gewillig is om ook saam met sy maats te werk in belang van die hele volk nie, mag nie lewe nie. Hulle laat nie toe dat daar parasiete is nie — mense wat op ander teer nie. Teen hierdie volksgenote is hulle nog kwaaier as teen die vreemde vlieg. Die vlieg het nog met sy lewe daarvan afgekom; hulle het hom net by die deur uitgesit. Maar die waterdraes wat saam met hulle grootgeword het, word een vir een gepak, uitgedra en daar doodgesteek. Naderhand het daar sommer so 'n groot klomp van hulle gelê.

Dit is ook niks minder as reg nie. 'n Mens kry altyd mense wat te lui of te bang is om te werk, maar as die ons ingesamel is of die oorwinning behaal is, is hulle eerste by om daaraan deel te hê. Hierdie soort mense is geen aanwins vir 'n volk nie. By die bye word hulle doodgesteek.

## DIE O.B.-NOODHULPFONDS

Die volgende verdere bydraes in Kaapland tot ons fonds vir hulpverlening aan afhanklikes van geïnterneerdes is aan Die O.B. bekend gemaak.

| | £ | s. | d. |
|---|---|---|---|
| Reeds erken | £2,072 | 18 | 4 |
| Lys 128 Vroue-Kommando Bellville | 7 | 0 | 0 |
| Aanvulling Lys 318 Oudtshoorn | 23 | 9 | 0 |
| Lys 61 en 441 Beaufort-Wes | 10 | 13 | 6 |
| Vryheidsdag Kollekte Britstown | 1 | 18 | 10 |
| Manne-Kommando Beaufort-Wes | 4 | 9 | 6 |
| Manne- en Vroue-Kommando Rietbron Kollekte Vryheidsdag | 8 | 13 | 6 |
| Vryheidsdag Kollekte Humansdorp | 6 | 7 | 4 |
| Tafelberg Vroue-Kommando Kaapstad | 3 | 13 | 5 |
| Vroue-Kommando Paarl 1ste Bydrae | 5 | 10 | 0 |
| Die Vlakte-Kommando Lys 431 | 2 | 15 | 6 |
| Veldkt. M. Smuts en Gesin Claremont | 3 | 10 | 0 |
| Aanvulling Lys 55 Manne- en Vroue-Kommnados Malmesbury | 35 | 0 | 0 |
| Lys 412 Uitenhage | 20 | 8 | 0 |
| Lys 290 Aughrabies oor Kakamas | 6 | 8 | 2 |
| Lys 200 Goodwood | 4 | 0 | 6 |
| Vryheidsdag Kollekte, Paarl, Franshoek en Wellington Kommandos | 19 | 17 | 0 |
| Lyste Nos. 20 en 206 Graaff-Reinet en Vryheidsdag Kollekte | 35 | 4 | 11 |
| Lys 167 Colesberg | 6 | 5 | 0 |
| Mnr. P. J. Hugo Franshoek | 1 | 0 | 0 |
| Mnr. Modderman Claremont | 4 | 0 | 0 |
| Vroue-Kommando Oudtshoorn | 20 | 0 | 0 |
| Lys 64 Tweerivieren | 1 | 15 | 0 |
| Manne- en Vroue-Kommandos Lys 131 en 132 Beaufort-Wes distrik | 18 | 5 | 6 |
| Jeugfront Velddrift | | 10 | 0 |
| Velddrift Kommando maandelikse bydrae | | 9 | 0 |
| Vriend Worcester | 1 | 0 | 0 |
| Lys 389 Gansbaai | 14 | 7 | 7 |
| Mev. J. Immelman Strand | 1 | 0 | 0 |
| Volksnood Hulp Kaapstad | 5 | 5 | 0 |
| Wapendraer | 25 | 0 | 0 |
| Alexandria Kommandos | 18 | 0 | 9 |
| Bellville Kommandos Lyste Nos. 127, 523 en 525 | 39 | 15 | 0 |
| Vroue-Kommando Tiervlei | 1 | 8 | 0 |
| Totaal: | £2,427 | 18 | 10 |

## GEBROKE RIET

Veldmaarskalk Smuts het kort gelede 'n eie Suid-Afrikaanse vloot in die vooruitsig gestel toe hy die hoeksteen van 'n nuwe vloot-opleidingsbasis gelê het. By dié geleentheid het hy die betekenisvolle inligting verstrek dat die oorlog nog nie lank aan die gang was nie toe die Britse Admiraliteit aan die hand gedoen het dat die Unie sy eie vlootdiens moet skep.

Voor die uitbreek van die oorlog was daar selfs sterk nasionaalgesinde Afrikaners wat nie kon glo dat Suid-Afrika 'n republiek kan word nie omdat ons dan geen vloot sou hê om ons te beskerm nie. Ons moes nog opsien na die Britse vloot om ons teen invallers te beskerm. Die oorlog het egter op afdoende wyse getoon op wat 'n gebroke riet menige Afrikaner al die jare vertrou het. Van republikeinse kant is altyd volgehou dat ons Engeland beskerm, en nou kom aan die lig dat ná die uitbreek van die oorlog Engeland opdrag aan Suid-Afrika gegee het om sy eie vlootdiens in te stel. Die Britse vloot was nie alleen onmagtig om ons te beskerm nie, maar eenhede van die Suid-Afrikaanse vloot moet hom selfs in die Middellandse See help!

GEVRA.

50,000

*AFRIKANERS*

*wat graag hul eie Tabak wil rook en wat hul handelaar om*

„PATRIOT"

*sal vra.*

VOORBRAND TABAK MAATSKAPPY (Eiens.) Beperk,

Kommissarisstr. 200, Johannesburg.

O.B. Almanak
vir 1942

'n Pragstuk met afdruk van 'n skildery deur Coetzer op omslag, wat die O.B. in sy wese en strewe simboliseer. Belangrike datums uit ons geskiedenis sowel as die geboortedae van ons helde word aangedui.

Hierdie almanak is die eerste van 'n reeks en is hoofsaaklik aan ons volksgeskiedenis gewy. Dit sal dien as positiewe propaganda vir die doel en strewe van die Beweging, asook 'n leidraad vir aktiwiteite wat gedurende die jaar deur die organisasie, en veral deur die vroue Kommando's waargeneem kan word.

Geen O.B. lid behoort daarsonder te wees.

PRYS 2/- POSVRY.

18/- PER DOSYN.

Bestel van

O.B.-HOOFKWARTIER,
Voortrekkergebou 403,
JOHANNESBURG, TVL.

SKOUBURG

Hofmeyrsaal, Groote Kerkgebou, KAAPSTAD.

Woon u eie bioskoop by
SATERDAG, 4 APRIL,
om 3 en 8.15 n.m.

Ons vertoon:—
„GUNBACKER"
met
JACK RANDELL.

Ook 'n interessante byprogram.

Plekbespreking by Uniewinkels.

## *Geklassifiseerde Advertensies*

### HUWELIK

BRUWER — NAUDE. Die huweliksbevestiging van Magdalene, dogter van mnr. en mev. J. Naude, en Gawie, seun van mnr. en mev. H. J. Bruwer, albei van Aan de Doorns, vind plaas in die N.G. Kerk, Worcester, Saterdag 4 April om 10 uur v.m. Geen resepsie. Geen kaartjies. Adres: Aan de Doorns.

### GEBOORTE

AAN mnr. en mev. A. J. J. Bekker, Loxton, 'n seun op die 8ste Maart. Albei wel.

### TE KOOP

KUIKENS.—Australorp Dag-oud Kuikens. Hane geteel en uitgesoek deur Landbouskool, Potchefstroom. Ook Rhode Island Reds. My tome is deur 'n pluimveedeskundige van Glen uitgesoek. Lewende aflewering gewaarborg. Kan nog bestellings plaas vanaf Mei teen £4-10-0 per 100. SMIT, VUURSLAG, Bus 18, KOPPIES.

### BENODIG

JONK, sterk, gesonde en vooruitstrewende O.B.-lid (ongetroud) om met algemene boerdery behulpsaam te wees. Meld salaris of vee verlang. Vry inwoning. Wat vee aanhou kry voorkeur. Getuigskrif van Kommandant verlang. Doen aansoek by:
D. C. ODENDAAL,
Driedeel, P.K. Verrekykerskop,
Oor HARRISMITH, O.V.S.

### GEVRA

BENODIG: Tweetalige Tikster vir Prokureursfirma, Kaapstad. Aanvangsalaris £10. Rig skriftelike aansoek aan Posbus 975, KAAPSTAD.

ONDERWYSERES.—Onderwyseres om vir 'n dogtertjie, wat nou net begin, onderwys te gee volgens ,Goewerments-stelsel. Moet lid wees van die Ned. Geref. Kerk. Salaris £6 per kwartaal met vrye inwoning. O.B.-gesindheid en vorige ondervinding 'n aanbeveling. Skryf aan:
P. A. STEENKAMP, Kransfontein, VOSBURG.

### KAAPSE VROEGPLAT UIESAAD

Strooikleur, 15/- per lb., k.m.b.
E. C. STEYN,
Bus 37. SOMERSET-WES.

### UIESAAD

RONDE Harde Geel Uie, 7/- per lb. posvry, K.B.A. Bestel onmiddellik. Voorrade Beperk.
P. J. DU TOIT — Drostdy — TULBAGH.

### GEMAALDE KRAALMIS

VIR eerlike bediening, bestel hamergemaalde kraalmis, gelewer op Bona Fide boere se stasies teen 25/- per 11 sak ton, 10 ton en meer 24/- K.M.B., van J. A. SCHOEMAN, P/S Grootfontein, SOMERSET-OOS.

### BOME

GEOKKULEERDE Pekaanneutbome, Tung, Vrugte en Rose. Besigheid 20 jaar ge-estabiliseerd. Bank: Volkskas, Pietermaritzburg. Skryf vir Katalogus.
RUDMANSE EDENDALE KWEKERY,
EDENDALE — NATAL.

HERHOLDT SE BOOMKWEKERYE
Posbus 660, JOHANNESBURG.

Of u 'n groot of klein boord aanplant, HERHOLDT'S se deskundige advies is gratis tot u beskikking. Bestel nou vir die Winter-planttyd. Vrugtesorterings aan ons keuse toevertrou, verseker die hoogste tevredenheid.

Beste vroeg tot laat soorte Perskes, Pruime, Appelkose, Nektariene, Tamatiepruime, Appels, Pere, Moerbei, ens.

Hierdie nuwe lofwaardige perskes behoort in elke tuin te wees: JUBILEUM, MAGNIFIKA (Rooivleis-taaipit), SUIKERBOSSIE, HERHOLDT'S X.B., VOORTREKKER en talle ander.

Keurige Roosversamelings, Palms, Sierbome, Geïllustreerde Katalogus en Plantgids gratis.

*Uitgegee deur Voorslag (Edms.) Beperk, Kamer 916, Groote Kerkgebou, Adderleystr., Kaapstad, en gedruk deur Pro Ecclesia-Drukkery, Die Laan, Stellenbosch.*